

'n Gids vir Erfgename

Inleiding

Die reg aangaande die bereddering van boedels in Suid-Afrika is oor baie jare ontwikkel en verseker in die eerste plek beskerming vir beide krediteure en die erfgename. Ten einde hierdie beskerming te voorsien, moet talle prosedures gevolg word wat noodwendig tydrowend is. Dit is nie altyd moontlik om 'n noukeurige beraming te voorsien van hoe lank die bereddering van die boedel sal neem nie, omdat dit sal afhang van die aard en omvang van die bates en enige komplikasies in verband daarmee. Begunstigdes sal dit nuttig vind om in breë trekke te weet watter prosedure tydens die bereddering van 'n boedel gevolg word, en dit word hieronder uiteengesit.

Aanstelling van eksekuteur

Hoewel die eksekuteur in 'n Testament benoem word, kan hy nie optree voordat hy nie deur die Meester van die Hooggeregshof, wat jurisdiksie het oor die distrik waar die oorledene normaalweg woonagtig was nie, aangestel is nie.

Die eksekuteur doen aansoek om sy aanstelling deur die Meester van die Hooggeregshof van die volgende te voorsien:

- Die oorspronklike Testament tesame met enige kodusille.
- Sterfkennis.
- Inventaris van bates.
- 'n Brief waarin hy sy bereidwilligheid verklaar om aangestel te word.

Die aanstelling is goedgekeur wanneer die Meester 'n Eksekuteursbrief uitreik, wat die eksekuteur magtig om die boedel van die oorledene te hanteer.

Pligte van die eksekuteur

Die eksekuteur is verplig om:

- 'n Kennisgewing in beide die Staatskoerant sowel as 'n koerant wat sirkuleer in die distrik waarin die oorledene normaalweg woonagtig was, te publiseer waarin daar 'n beroep gedoen word op krediteure om binne 30 (DERTIG) dae hul eise teen die boedel in te dien.
- Waardasies te verkry van bates wat die begunstigdes moet ontvang.
- Indien genoodsaak, bates te gelde te maak.
- Alle uitstaande inkomstebelastingopgawes in te dien.
- Die skulde van die oorledene te vereffen.
- Boedelbelasting wat betaalbaar mag wees te bereken en vir vereffening daarvan te voorsien.
- Binne 6 (SES) maande vanaf datum van aanstelling, 'n likwidasie- en distribusierekening, wat alle bates en laste sowel as die verdeling van bates aan die begunstigdes aantoon, indien. By ingewikkelde boedels mag die Meester 'n verlenging van hierdie tydperk toestaan.
- Die netto boedelbates onder erfgename te verdeel.

Goedkeuring van die likwidasië- en distribusierekening

By goedkeuring van die rekening moet 'n kennisgewing in beide die staatskoerant sowel as 'n koerant, wat sirkuleer in die distrik waarin die oorledene normaalweg woonagtig was, gepubliseer word tot die effek dat die rekening vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae ter publieke insae lê by die kantore van die Meester sowel as die Landdroskantoor van die distrik waarin die oorledene normaalweg woonagtig was.

Verdeling van bates

Nadat die rekening 21 (EEN EN TWINTIG) dae ter insae gelê het, het die eksekuteur 'n periode van 2 (TWEË) maande waarin hy die boedelbates onder erfgename moet verdeel. Oordrag van vaste eiendomme sowel as ander geregistreerde bates en belastingaangeleenthede neem dikwels langer as hierdie periode om af te handel. Deesdae is die oordrag van vuurwapenlisensies ook problematies en moet vroegtydig beplan word.

Wat moet 'n erfgenaam doen?

'n Erfgenaam moet die eksekuteur voorsien van sodanige inligting en dokumente wat hy mag verlang. Indien 'n erfgenaam finansiëel van die oorledene afhanklik was, moet die erfgenaam die eksekuteur nader om vas te stel of tussentydse finansiële bystand moontlik is.